



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
ASSESSERINGSRIGLYNE
AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 3**

INLEIDING

Die 2015-siklus van die Jaarlikse Nasionale assessering (JNA 2015) sal administreer word in alle staat- en privaatskole in September 2015. Gedurende dié periode sal alle Graad 1–3 leerders die nasionale toetse in Wiskunde en Afrikaans skryf. Die uitslag sal gebruik word om die progressie wat in die *Action Plan 2015, Towards Schooling 2025* uiteengesit word, te monitor.

Die JNA-toetse sal gedurende die derde kwartaal geskryf word en daarom het die Departement van Basiese Onderwys (DBE) Assesseringsriglyndokumente vir elke graad en elke vak (Afrikaans Huistaal en Wiskunde) ontwerp wat die minimum kurrikuluminhoud bevat wat alle leerders onder die knie moet hê voordat die toetse afgelê word. Die Riglyne stel die limiete voor van die hoeveelheid werk wat in die toets gedek sal word. Die JNA 2015 Assesseringsriglyne is ontwerp in lyn met die kurrikulum wat in die graad implimenteer is.

GRONDSLAGFASE

In Grade 1-3, sal die toets werk dek wat voorgeskryf is vir die eerste drie kwartale van die skooljaar. Vir dié grade is die Assesseringsriglyne in drie kolomme en rye geplaas. Die vaardighede wat assesseer word is in die eerste kolom, die inhoud geassesseer in die tweede kolom en die spesifieke vaardighede in die derde kolom.

Dit is ook belangrik om kennis te neem dat nie net dit wat voorgeskryf word deur die JNA 2015-Assesseringsriglyne, aangeleer moet word deur die jaar nie. Inteendeel voorsien die Assesseringsriglyne net die basiese minimum kurrikulum wat aan die einde van die derde kwartaal gedek moet word.

Daar word van opvoeders verwag om die Assesseringsriglyne saam met die ander hulpbronne vir hulle onderrig en assesseringsprogramme te gebruik.

VAARDIGHEDE	INHOUD ASSESSEER Om te toets of die leerder instaat is om :	SPESIFIEKE VAARDIGHEDE
LEES EN KLANKE	Bespreek die hoofgedagte van die storie.	Gee die beste titel vir die storie.
	Bespreek die hoofkarakters in die storie.	Toon begrip van die hoofkarakters van die storie.
	Bespreek die agtergrond van die storie.	Toon begrip vir die agtergrond van die storie.
	Bespreek die volgorde van gebeure in die storie.	Nommer die sinne van die storie in die regte volgorde.
	Bespreek oorsaak-en gevolgverhouding.	Herken die oorsaak-en gevolgverhouding in die storie.
	Beantwoord hoë orde vrae wat baseer is op die teks, bv. gee jou opinie van die storie.	Beantwoord begripstoetsvrae deur jou opinie te gee.
	Interpreteer informasie vanaf 'n grafiese teks, bv. advertensies.	Kies die regte antwoord om interpretasie van 'n advertensie te toon.
	Gebruik "d en t" as slotklanke, bv. bad en kat.	Voltooi die sinne met die regte spelling van woorde wat uit die volgende bestaan: <ul style="list-style-type: none"> • slotklanke • homofone • Meervoude, bv. visse.
	Spel bekende woorde korrek en probeer ook onbekende woorde spel deur gebruik te maak van kennis van klanke (oe,ei,ui).	
	Gebruik kennis van klanke en spelreëls om onbekende woorde te skryf, bv. (katte).	
	Interpreteer informasie van grafiese tekste soos kaarte, bv. bespreek verskille en ooreenkomste en analiseer en vergelyk inligting.	Beantwoord direkte vrae en gebruik inligting vanaf 'n kaart.
Interpreteer informasie vanaf 'n grafiese teks, bv. grafiek en maak vergelykings.	Kies die regte antwoord (vergelykings) en gebruik informasie vanaf 'n grafiek.	

VAARDIGHEDE	INHOUD ASSESSEER Om te toets of die leerder instaat is om :	VAARDIGHEDE
SKRYF	Gebruik teenwoordige, verlede en toekomstige tyd korrek.	Skryf die sinne oor : <ul style="list-style-type: none"> • die teenwoordige tyd na die verlede tyd, • teenwoordige tyd na die toekomstige tyd.
	Identifiseer en gebruik enige b.nw., s.nw. en voegwoorde (en, maar) korrek.	Kies die regte antwoord om begrip van b.nw., s.nw. en voegwoorde te toon.
	Skryf woorde om sinne te maak en gebruik hoofletters, punte, vraagtekens, kommas en aanhalingstekens.	Skryf sinne oor en gebruik die regte punktulasie.
	Gebruik verskillende sinstrukture korrek.	Vul in of die sinne 'n vraagsin of stelsin is.
	Skryf sinne om verskil in betekenis aan te dui van woorde wat dieselfde klink, maar nie dieselfde gespel word nie (homofone).	Gebruik woorde in sinne wat dieselfde klink en uitgespreek word, maar verskillende betekenis het.
	Skryf twee <u>paragrafe</u> van <u>10 sinne</u> in <u>totaal</u> oor 'n gegewe onderwerp.	Skryf twee paragrafe oor 'n gegewe onderwerp en gebruik korrekte taal en leestekens.

Die finale punt vir vraag 16 bestaan uit die volgende:

Paragraafpunt + Inhoudpunt + Taal/leesteken- en spellingpunt = Totale Assesseringspunt

ASSESSERINGSRUBRIEK

KRITERIA	BESKRYWING	PUNTE
Paragraawe (Maksimum 1 punt)	Kopieer slegs instruksies/net een woord/frase/minder as ses sinne/sinne is genommer/een paragraaf.	0
	Twee paragraawe van meer as een sin elk .	1
Inhoud (Maksimum 3 punte)	Skryf slegs instruksies/net een woord/frase of deel van 'n sin.	0
	1-3 eenvoudige sinne wat betrekking het op die onderwerp.	1
	4-7 betekenisvolle sinne wat betrekking het op die onderwerp.	2
	8-10 betekenisvolle sinne wat betrekking het op die onderwerp.	3
Taal, leestekens en spelling (Maksimum 2 punte)	1-4 sinne met meer as 5 taal-, spel- en leestekenfoute in totaal.	0
	1-7 sinne met 0-5 taal-, spel- en leestekenfoute. OF 5-10 sinne met meer as 5 taal-, spel- en leestekenfoute in totaal.	1
	8-10 sinne met 0-5 taal-, spel- en leestekenfoute in totaal.	2
	Totaal	Totale punt: 6